

SONDAG 27 Jan 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 2e OGGENDDIENS: Kinderdiens

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/ MUSIEK</u>
	Musiek (vanaf 9:45)	Lofkleuters vanaf snit 1	Snit 1-
	Voorsang	Arnold vd Merwe	
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Musiek Gebed	“Jesus nooi die kindertjies” (Lofkleuters)	SNIT51
Hannes	Lof	KSL “As jy glo en vertrou sê amen” KSL “Jesus het die kinders lief” E-8 “Ek’s so bly ek behoort” JR87:1-5 “Dis waar dat Hy lewe” JR81 (2x) “Die Here vra vir Petrus”	
Liturg	Oproep tot aanbidding	Maak jou ogies toe. Dink bietjie aan God. Wat sien jy? Miskien ‘n ou Oom met ‘n grys baard - en so ‘n diep glimlag. Of ‘n Herder met ‘n staf - wat tussen Sy skape sit en met hulle gesels en hulle oppas... Of ‘n Pottebakker - wat ‘n stuk klei in Sy hande vashou - besig om dit te brei... Of miskien ‘n Koning wat op ‘n groot goue troon sit - met engele oral om Hom - en Hy regeer die hele wêreld...	
Hannes	Aanbidding	JG15:1-4 “Halleluja, U is Koning” JR16:1-2 “Jesus groot bo almal”	
Liturg of Kinders	Gebed	Gebed	
Liturg	Skriflesing	Mat 4: ¹⁸ Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om ’n werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep. ¹⁹ Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” ²⁰ Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg. ²¹ Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers: Jakobus ’n seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was in ’n skuit saam met hulle pa besig om hulle nette reg te maak. Jesus het hulle geroep, ²² en hulle het dadelik die skuit en hulle pa verlaat en vir Jesus gevolg.	Skrif
	Musiek	“So baie visse” (Lofkleuters)	SNIT42
Liturg	Preek		Skrif
	Musiek	“Ons vang visse” (Lofkleuters)	SNIT49
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		

Diakens	Offergawe	Lofkleuters: snitte 51,54, 57,1,70	
Hannes	Lied	"Lees jou Bybel bid elke dag" (2x) "Ek maak jul tot vissers van My" (2x)	
Liturg	Seën		

WAT HET EK NODIG OM VIS TE VANG?

[Mike en Kallie : Kallie roei in met die bootjie - "het jy al ingegooi? Nee, ek kry nie die glase nie...]

- Ons praat nie vanoggend oor daai soort visvang nie.
- Dis in elk geval nie visvang nie.
- Ons praat vanoggend oor regte visvang.
- En as jou pappa gaan visvang net om te drink, dan bid ek dat jy vanoggend as ons oor visvang praat, aan iemand anders as jou pa sal dink.
- Want dis nie die soort visserman waarvoor dei Here ons roep nie.

Wie van julle het al visgevang?

Wie van julle hou van visvang?

- Ek onthou nog my eerste "cast"
 - Ek was so iewers in die laerskool.
 - Ons drie boeties het saam met my oom gaan visvang.
 - Ek het so lang bruin visstok gehad met 'n see-katrol.
 - Daai katrol werk so: jy moet hom dwars draai as jy cast.
 - Ek het dit nie geweet nie.
 - Toe sit ek hom op "free"
 - En toe gooi ek.
 - Die lyn het gesing.
 - Ek dog ek gooi bo-oor Hartebeespoortdam.
 - En toe die skok.
 - Die lyn het so drie meter voor my geval.
 - En al die lyn op die katrol het gekoek.
- 'n Ander een wat ek nooit sal vergeet nie:
 - Dit was so middel-hoërskool.
 - Ek en drie vriende het gaan visvang.
 - Iewers langs Hartebeespoortdam.
 - Toe skielik kry ek 'n byt.
 - En ek het geleer: Wag tot die poliesman opgaan en dan kap jy hom.
 - En toe kap ek hom.
 - Maar wat ek vergeet het, is dat ons onder 'n boom gesit het.
 - En toe ek hom kap, toe kap ek die vistok in die boom in.

Maar wat 'n ervaring was dit nie.

- Visvang by Hartebeespoortdam.
- Uitkamp.
- Vleisbraai.
- Visse skoonmaak.

Het julle geweet:

Vis was 'n belangrike kos in die Bybel

- Num 11:⁵ Ons onthou nog die **vis** wat ons in Egipte verniet kon eet, ook die komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel.
- Neh 13:¹⁶ Die Tiriërs wat in Jerusalem gewoon het, het **vis** en allerhande koopware ingebring en op die sabbat aan die Judeërs en in Jerusalem verkoop.
- Mark 6:⁴³ Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die **vis**.

- Luk 24:42 ⁴²Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte **vis**.
- Joh 21:9 ⁹Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk **vis** daarop lê. Daar was brood ook. ¹⁰Jesus sê toe vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou net gevang het."
 - Ja, die mense het baie vis geëet.
 - Vleis was baie skaars.
 - Die belangrikste visvangplek was die meer van Galilea.
 - Soorte vis: Kurpers, Karp, ander kleiner visse.
 - Babers ook - maar hulle mag nie Babers geëet het nie. (Lev 11:9-12)
 - In Jerusalem was daar 'n vispoort. (2 Kron 33:14, Sef 1:10, Neh 3:3,9,12)
 - Hier het die handelaars vis kom verkoop. (Neh 13:16)
 - Heel moontlik gedroogte vis.

Baie mense leef van visvang

- Petrus en Andreas: "vissers van beroep" (Mat 4:18)
- Bybel in praktyk: 5 van die 12 dissipels was vissermanne.

Gebruik as 'n beeld in die Bybel:

- Mat 13: ⁴⁷“Verder gaan dit met die koninkryk van die hemel soos met 'n treknet wat in die see gegooi is en allerhande soorte vis vang.
 - Beeld vir die Koninkryk van God.
- Eseg 47:10 ¹⁰Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nette droogmaak."
 - Beeld vir voorspoed - die dag as die Here ingryp
 - Toekoms

Hoe het die mense in daardie tyd vis gevang?

Drie maniere:

1. Treknet
 - Vaar met 'n skuit in die water in
 - Gooi die nette in
 - Visse swem in die nette in
 - Trek die nette uit.

Joh 21:6 " "Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry."

2. Werpnet
 - staan op die kant
 - gooi die nette van die kant af in
 - trek uit

3. Lyn met 'n hoek aan. (sonder visstok)

*Jes 19:8 " ⁸Die vissers sal kla en huil: **almal wat met 'n hoek visvang** en dié wat hulle nette in die rivier oopgooi, sal verdwyn."*

*Job 40:²⁰ "Kan jy 'n **krokodil met 'n hoek vang** of hom 'n tou in die bek sit?"*

Hab 1:15 ¹⁵ Die Galdeërs vang mense met hoeke, trek hulle vas in nette...

Mat 17:27 ²⁷ Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek."

M.a.w. Die dissipels het al die maniere van visvang geken.

En nou kom Jesus en Hy sê: "Ek sal julle vissers van mense maak."

Luk 5: Toe sê Jesus vir Simon: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang."

- Petrus-hulle was gesoute vissermanne.
- Dit was hulle werk.
- Hulle het dit van die oggend tot die aand gedoen.
- Hulle het dit in die nag gedoen.
- Hulle het al die truiks in die boek geken.
- Hulle het elke maand die "Stywe Lyne" gelees.
- Hulle het geweet: jy kan nie net in "cast" nie.
- Jy moet die regte hoek gebruik.
- Jy moet die regte aas gebruik.
- Jy moet die regte tyd van die dag ingooi.

Maatjies, om 'n visser van mense te wees beteken nie net om af en toe 'n lyn in die water te gooi nie.

- Dit beteken om al die truiks in die boek te ken.
- Om fyn te beplan.
- En aan te hou probeer tot ek daai groot vis gevang het.
 - daai maatjie in my klas
 - daai ou wat saam met my werk
 - daai nefie / niggie van my

Kom ons kyk daarna:

Wat het ek nodig om 'n visser van mense te wees?

1. Hoek

Daai hoek is die...

Evangelie

Bybel

Goeie Nuus

Dis waaraan ek wil hê hulle meot byt.

Moenie probeer visvang sonder 'n hoek nie.

- Visse byt nie aan die lyn vas nie.

Jy kan nie visvang sonder 'n hoek nie.

- Dis jou hoek

Gaan kyk bietjie in 'n visserman se trommeltjie:

- Verskillende soorte hoeke
- verskillende grootte hoeke
- Jy kan nie so groot kurpertjie met so groot hoek vang nie.
- Jy kan nie 'n so groot vis met so groot hoekie vang nie.

- Jy kan nie 'n kleuter met Levitikus vang nie.
- Jy kan nie 'n tiener met Hooglied vang nie.
- Jy kan nie 'n boemelaar met 1 Konings vang nie
 - Maar jy sal vang met Job
 - of met die Evangelies
- Jy moet die regte hoek gebruik.
 - Een wat nie te groot of te klein is nie.
 - Hy moet net reg wees.
- Een van die groot probleme in die kerk - ons gebruik te groot hoeke.
- Die vis moet omtrent 'n graad hê om hom te byt.

[2. Aas]

Kom ek vra vir julle:

- Ek het my visstok
- En 'n lyn.
- Ek het die regte hoek.
- Is ek nou gereed om vis te vang?
- Kan ek nou die lyn ingooi en sit en wag?
- Dink julle 'n vis sal nou gaan byt aan die hoek?
- NEE - daar moet aas aan wees.

Het julle al gesien wat doen die vissermanne?

- As hulle vir 'n lang tyd nie 'n byt gekry het nie, dan trek hulle die lyne uit.
- Om te kyk of daar nog aas aan is.
- En as daar nog aas aan is, haal hulle dit af en sit nuwe aas aan.
- Want hierdie aas werk nie vandag nie.
- Hulle het 'n hele trommel vol aas.
- En hy sal aanhou totdat hy die aas kry waaraan die visse sal byt.

Die aas is baie belangrik.

- Jy kan nie die aas aansit waarvan jy hou nie.
- Die pap waarvan jy hou aan die hoek sit nie.
- Wat moet jy aan die hoek sit?
- Die pap waarvan die vis hou?
- Hoekom?
- Dis hy wat daaraan moet byt - nie jy nie

Baie keer wil ons vissers vir die Here wees.

En ons wil graag visse vir Hom vang.

- Maar ons by die aas kom, sit ons die aas aan waarvan ons hou.
 - die musiek waarvan ons hou
 - die klere waarvan ons hou
 - die stories waarvan ons hou
 - die temas waarvan ons hou.
- En dan kan ons nie verstaan hoekom byt die visse nie.
 - Weet jy hoekom byt hulle nie?
 - Hulle hou nie van die aas nie.

- Dit lyk nie vir hulle lekker nie.

Jy kan nie 'n tiener vang met sakkie-sakkie nie.

Jy kan nie 'n kind vang met Calvyn nie.

Jy kan nie 'n ou tannie vang met Innervision se musiek nie.

Daarom moet ons baie mooi beplan.

- Watter vis wil ek vir die Here vang.
- Watter hoek het ek nodig om hom te vang.
- Watter aas gaan ek om die hoek sit om hom te vang.

Mense vra baie keer: hoekom maak die kerk so of so?

- Hoekom nou weer dit?
- Weet julle hoekom?
- Die kerk verander maar net die aas sodat hulle die visse kan vang.
- En ons moet verskillende soorte aas gebruik vir die verskillende soorte visse.

Ons kan nie net altyd die aas aansit waarvan ons hou nie.

Nie as ons regtig wil visse vang nie.

Wie van julle eet in die oggend mieliepap met TCP op?

Wie van julle eet vanilla-pap by julle braaivleis?

Of custard-pap?

- Nee, ons eet dit nie.
- Maar die visse eet dit.

3. Dam / see

Daardie tyd baie visvangplekke:

- Egipte: Nyl
- Israel: Jordaanrivier
- Middellandse see
- Meer van Galilea

Vandag ook baie visvangplekke:

- Gesin
- Skool
- Koshuis
- sportklub
- sokkie
- werkplek
- ouetehuis
- woonstelblok
- Potchefstroom

Hand 1:8 "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Hier is baie visse om ons wat nog nie gevang is nie.

4. Commitment om vis te vang

Ons was September laasjaar by die see.

Weet julle wat val my altyd op.

- Daai manne met hulle visstokke op die strand.
- Die wind kan waai, dit kan reën, dit kan koud wees - 4:00 more-oggend staan hy daar met sy visstok.
- As jy vanaand laat daar verbyry - dan staan hulle nogsteeds.

Gecommit.

So gekommit dat hulle 03:00 sal opstaan om 04:00 vis te vang.

Hoe gecommit is jy om visse te vang vir die Here?

- Sal jy vroeg opstaan?
- Laat gaan slaap?
- In die koue uitgaan?
- Laat-aand uitbly.

Paulus skryf:

1 Kor 9:19 ¹⁹ Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen. ²⁰ Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. ²¹ Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen. ²² Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red. ²³ Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.

- Paulus sê: ek is so gecommit om vis te avng, dat ek enige iets sal doen.
- Sal baie dinge opoffer.

Kyk maar na Jesus: wat doen Hy alles om mense te vang.

Jesus - word mens om ons te "vang"

- Word gebore in 'n stal - tussen die Jode
- Gebore uit Joodse ma
- Trek Joodse klere aan
- Gaan na Joodse skool toe.
- Gaan na Joodse kerk toe.
- Hou die Joodse gebruike.

Hoekom?

- Want Hy wil die Jode vang vir God.
- En Hy sou enige iets doen om hulle te vang.
- Hy sou selfs Sy lewe gee.

So gecommit was Hy om mense te vang?

Hoe gecommit is jy?

5. Dis God wat die visse laat byt.

Luk 5:4 ⁴ Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: "Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang." ⁵ "Meneer," antwoord Simon, "ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi." ⁶ En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur.

Wie van julle het al vir 'n hele dag of 'n hele nag langs die water gesit en niks gevang nie?

- Elke moontlike aas probeer.
- Ook die een wat laas gewerk het.

- TCP
- Vanilla
- Koek kleursel
- Olyfolie
- Jy het na al die kante toe ingegooi:
 - reguit
 - links
 - regs
 - naby
 - ver

Maar niks wil byt nie.

Het jy al agtergekom?

- Jy kan baie dinge doen.
- Jy kan al die truuks ken.
- Maar jy kan nie die visse laat byt nie.
- As hulle nie byt nie, dan byt hulle nie.

As ek 'n visser vir Jesus wil wees, is daar een ding wat ek altyd moet onthou.

- Ek kan die regte hoek aansit.
- Ek kan die regte aas aansit.
- Ek kan by die regte dam wees.
- Ek kan gecommitt wees en dag en nag by die water sit.

Maar ek kan nie die visse laat byt nie.

God alleen kan dit doen.

- Hy kan mense laat byt.
- Dis Hy wat mense tot bekering laat kom.
- Dis Hy wat mense laat verander.
- Dis Hy wat daai groot vis wat niemand nog ooit kon vang nie, kan vang.
 - Kan laat verander.
 - Kan nuutmaak.
- Ons kan nie.

Om 'n visser van mense te wees beteken twee dinge:

1. Om alles in my vermoë te doen om vis te vang.
2. Om dan rustig agteroor te sit en vir God te vertrou vir die vangs.